higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N4

(10010494)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: 4 velle A3-tekenpapier (nog moet beskikbaar wees vir rofwerk).
2 velle A4-tikpapier (nog moet beskikbaar wees vir rofwerk).

Kandidate moet al die nodige kunsmediums en toerusting hê.

Die vraestel bestaan uit 6 bladsye en 6 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	Verpligtend	50 punte
AFDELING B:	Verpligtend	150 punte
GROOTTOTAAL:		200 punte

4. Beantwoord asseblief VRAAG 1, AFDELING A in jou ANTWOORDBOEK.

5. AL die bylaes/tekeninge in VRAE 1, 2 en 3 moet op A4-tekenpapier gedoen word en in die ANTWOORDBOEK geplak word. Geen los werk sal nagesien word nie.

6. Beantwoord asseblief AL die vrae in AFDELING B op die A3-tekenpapier wat voorsien is.

7. Gebruik slegs EEN kant van die tekenpapier.

8. Beantwoord elke vraag op ‘n aparte vel tekenpapier.

9. Kram AL die tekeninge in AFDELING B saam, MOET HULLE NIE VOU NIE en plaas hulle in die ANTWOORDBOEK.

10. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

11. Skryf netjies en leesbaar.


Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord die volgende vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die volgende skets. Benoem elke konstruksieproses soos genommer. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



(10 × 1) (10)

1.2 Noem DRIE handelsname vir gekleurde potlode. (3)

1.3 Verskeie tegnieke kan gebruik word wanneer waterverf aangewend word.

Beskryf die volgende tegnieke:

1.3.1 Stippelwerk (3)


1.3.2 Skropwerk (1)

1.4 Noem DRIE tipes penne wat beskikbaar is. (3)
[20]

VRAAG 2

2.1 Maak gebruik van BYLAE A en skets ‘n vooraansig van ‘n volwasse mansfiguur wat op sy regterbeen staan, sy linkerbeen ontspanne met sy regterhand op sy heup. Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK . (14)

2.2 Maak gebruik van die croquis in BYLAE B en maak ‘n voorstellingskets van ‘n dame wat die rok hier onder dra. Jy kan enige kleurmedium van jou keuse gebruik. Maak gebruik van TWEE verskillende mediumtegnieke om die uitrusting te kleur. Plak in die ANTWOORDBOEK .



(6)
[20]

VRAAG 3

Bestudeer die volgende skets en maak 'n konstruksietekening van die damesweetpaktop (slegs vooraansig). Maak gebruik van die croquis in BYLAE C. Hou AL die vereistes vir 'n goeie konstruksietekening in gedagte. Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK.



[10]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

Jy is gevra om 'n reeks damesuitrustings wat bestaan uit rokke, baadjies, rompe en broeke te ontwerp.

4.1 Maak 'n ontwerpontwikkelingsblad van TWEE van elk van die volgende uitrustings: baadjie, bloes, broek, romp en rok. Maak gebruik van die croquis in BYLAE D. Hou AL die vereistes vir 'n goeie ontwerpontwikkelingsblad in gedagte. (50)

4.2 Kies EEN van die uitrustings wat in VRAAG 4.1 ontwerp is en maak 'n tegniese tekening (slegs vooraansig). Maak gebruik van die croquis in BYLAE C. Hou AL die vereistes vir 'n goeie tegniese tekening in gedagte. (25)

[75]

VRAAG 5

'n Bekende televisie-aanbieder het jou gevra om 'n uitrusting te ontwerp vir 'n gespreksprogram.

5.1 Maak 'n voorstellingstekening van 'n uitrusting wat bestaan uit 'n baadjie, hemp, romp en broek. Maak gebruik van die croquis in BYLAE E. Hou AL die vereistes vir 'n goeie voorstellingstekening in gedagte. (50)

5.2 Kies EEN uitrusting wat in VRAAG 5.1 ontwerp is en maak 'n produksietekening van die gekose uitrusting (slegs vooraansig). Maak gebruik van die croquis in BYLAE F. Hou AL die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. (25)
[75]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou


BYLAE A **EKSAMENNOMMER:**


BALANSLYN	

BYLAE B **EKSAMENNOMMER:**




BYLAE C **EKSAMENNOMMER:**






BYLAE D




Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

BYLAE E



BYLAE F



Kopiereg voorbehou